

# DIE EWIGE KONINKRYK

## Vind troos en hoop in Daniël

IN HIERDIE TWAALF BYBELSTUDIES OOR DANIËL – EEN OOR ELKE HOOFSTUK – SAL JY SIEN HOE GOD IN BEHEER IS VAN DIE VERLEDE, HEDE, ÉN TOEKOMS.

Deur die Deputate Jeugsorg van die GKSA

# INDEKS


3 Voorwoord
4 Agtergrond
5 Uiteensetting
6 Struktuur van Daniël
8 Daniël 1
10 Daniël 2
13 Daniël 3
15 Daniël 4
18 Daniël 5
22 Daniël 6
24 Visioene
26 Daniël 7
30 Daniël 8
34 Daniël 9
37 Daniël 10
39 Daniël 11
41 Daniël 12
43 Lys van interessanthede

# VOORWOORD

Hallo jong gelowige,

Daniël is een van die mees indrukwekkende boeke in die Ou Testament, vol verhale en visioene wat deur die eeue heen gelowiges versterk en bemoedig het. Groot figure in die kerkgeskiedenis, insluitend hervormers en predikers, het telkens teruggegryp na Daniël om te sien hoe God sy volk beskerm en sy koninkryk bou, selfs in tye van ballingskap en beproewing.

Die boek wys duidelik dat God die enigste ware Koning is **wat regeer oor alle konings en koninkryke**. Hy stel konings aan en Hy neem hulle weer weg; Hy bepaal die loop van die geskiedenis. Al die groot wêreldryke – Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome – is in Daniël se profesieë genoem, en tog wys die boek dat hulle almal verbygaan, maar alleen **God se koninkryk staan vir ewig**.

Die verhale van Daniël en sy vriende leer ons dat God sy kinders in moeilike tye bewaar en dat hulle Hom met moed en getrouheid moet dien. Die visioene wys ons vooruit na die **vesting van God se ewige koninkryk in Christus**, wat alle aardse ryke sal vervang.

Daniël het 'n besondere plek as 'n bron van **troos en hoop**: Al lyk dit of die wêreldheersers die mag in hul hande hou, bly dit die Here wat alles regeer.

Ons vertrou dat jy deur hierdie Bybelstudies God se groot plan duideliker sal sien, en dat jou geloof versterk sal word in die wete dat sy koninkryk nooit wankel nie.

**Redakteur**
Wilna Myburgh

**Skrywers**
Wilhan Jobse en Brahm Robinson

**Uitgegee deur die Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**
**EERSTE UITGAWE: Januarie 2026**
**UITLEG EN REDIGERING: Wilna Myburgh**
**DRUKWERK: Sunnyprint, Centurion**
**Besoek www.gkjeug.co.za vir nog Bybelstudieboeke – in Afrikaans én Engels – wat jy kan aflaai en uitdruk, of elektronies lees.**

# AGTERGROND

Die gebeure van Daniël speel af tydens die Babiloniese ballingskap van die suidelike ryk van Juda. In 605 v.C., in die derde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda, het koning Nebukadnesar van Babel Jerusalem beleër (Daniël 1:1).

In 2 Konings 24 lees ons oor die ballingskap waar koning Nebukadnesar die mense van Juda begin wegvoer. Hy het begin deur "al die amptenare, al die soldate, tien duisend gevangenes, ook die vakmanne en die smede" weg te voer (2 Konings 24:14). Daniël en sy vriende was deel van hierdie ballinge. In Daniël 1 lees ons hoe van die gevange jongmanne "uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense" verder weggevoer is om in die paleis diens te doen. Die boek beskryf hoe Daniël en sy vriende getrou bly en die geloof behou ten spyte van beproewings.

Daniël se lewe strek van 605 v.C. tot in die derde regeringsjaar van koning Kores van Persië (ongeveer 536 v.C.) – 'n tydperk van sowat 70 jaar (vergelyk Daniël 10:1). Die boek is waarskynlik kort na die ballingskap saamgestel, maar oor die presiese tyd gee die Bybel self geen getuienis nie.

Die boek van Daniël beskryf nie net Daniël se eie tyd nie, maar beskryf ook profesieë oor die opkoms en val van vier wêreldryke: Babilonië, die Medo-Perse, die Grieke, en uiteindelik die Romeinse Ryk. Die boek Daniël verkondig hoe God sy plan in die wêreld vervul en hoe Hy sy plan ten uitvoer bring. God wys, deur Daniël, dat Hy die geskiedenis bestuur. Aardse koninkryke kom en gaan, maar sý koninkryk is ewig (Daniël 2:44).

## Wie het die boek Daniël geskryf?

Mens sou dink dié vraag moet 'n eenvoudige antwoord hê, maar dit is nie die geval nie. Die boek self sê nie duidelik dat Daniël alles self geskryf het nie. Die naam van die boek wys eerder vir ons dat dit oor Daniël gaan. Verskillende hoofstukke is in verskillende style geskryf.

Ons kan sien wanneer Daniël self geskryf het, en wanneer daar van hom vertel word. In die meeste gevalle word na Daniël in die derde persoon, met die woorde "hom" en "hy", verwys. Daniël 1 tot 6 is in die derde persoon geskryf. Hoofstuk 7 is in die eerste én derde persoon geskryf. In Daniël 7 lees ons dat Daniël 'n droom gehad het en visioene in sy slaap gesien het, en ons lees hoe Daniël dit self opgeskryf het. Daniël 8 tot 12 is ook in die eerste persoon geskryf. Ons sien dit byvoorbeeld in Daniël 10:2 as hy skryf: "In daardie tyd het ek, Daniël, drie weke getreur."

# UITEENSETTING

## van Daniël

Die boek Daniël het 12 hoofstukke. In hoofstukke 1, 3 en 6 lees ons stories van Daniël en sy vriende se getrouheid. Dit bring hoop aan almal wat ly onder die menslike koninkryke wat teen God in opstand gekom het. Die visioene in hoofstuk 2 en 7 moedig hulle aan om geduldig te wag op Christus se verskyning. Wanneer Hy kom, neem Hy heerskappy van die wêreld. Maar wanneer gaan dit gebeur? Dié vraag word in die laaste drie visioene, in hoofstukke 8 tot 12, ondersoek. Hierdie hoofstukke kan op verskillende maniere ingedeel word om die boek beter te verstaan.

### Verskillende style: Vertellings en visioene

Die eerste manier om dit te verdeel is om te kyk na die styl waarin dit geskryf is. Hoofstukke 1 tot 6 is in 'n narratiewe styl, ook genoem 'n vertelstyl, geskryf. Dit beteken dat die gebeure soos 'n storie vertel word. Hierdie hoofstukke bevat ses verhale oor Daniël en sy vriende.

Hoofstukke 7 tot 12 is visioene. Dit word 'n apokaliptiese styl genoem, en verwys na "dit wat geheim gehou word", soortgelyk aan die skryfstyl van die boek Openbaring. Hierdie hoofstukke bevat vier visioene van Daniël. Daar is dus 'n duidelike literêre en teologiese struktuur:

→ Hoofstukke 1–6 = historiese verhale
→ Hoofstukke 7–12 = apokaliptiese visioene

### Verskillende tale: Hebreeus en Aramees

Nog 'n manier hoe Daniël opgedeel kan word is in die tale waarin dit geskryf is. Die boek is in Hebreeus geskryf, maar interessant genoeg is 'n gedeelte daarvan in Aramees. Die Aramese gedeelte is van hoofstuk 2:4b tot hoofstuk 7.

Hebreeus was die taal van die Godsvolk en Aramees was die wêreldtaal. Aan die een kant praat God met sy volk, en aan die ander kant is die boodskap nie net vir Israel bedoel nie, maar vir al die wêreldheersers en wêreldryke.

## Die struktuur van Daniël 1 tot 12

Die boek Daniël het 'n chiastiese struktuur. Dit beteken dat 'n reeks idees gegee word, en dan in die omgekeerde volgorde herhaal word. Dit gee 'n spieël-effek, waar elke idee en sy spieëlbeeld gekoppel word deur 'n woord of idee wat herhaal word. Die term kom van die Griekse letter *chi*, wat soos ons letter X lyk. Die struktuur word uitgedruk deur letters om te wys dat idees herhaal word, byvoorbeeld: ABBA.

Daar is verskeie gedeeltes in die Bybel wat 'n chiastiese struktuur het. Byvoorbeeld, Jesus se woorde in Markus 2:27 is in die vorm van 'n chiasme: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie." Deur die ABBA-vorm te gebruik, word die woorde "sabbatdag" en "mens" in omgekeerde volgorde herhaal. Nog voorbeelde in die Bybel is Matteus 23:12, Joël 3:17-21, en ook Prediker 11:3-12:2; Genesis 6 tot 9; Amos 5:4-6a; Jesaja 1:21-26; en Josua 1:5-9. Dié struktuur kan in 'n sin, 'n paragraaf, of 'n groot gedeelte teks wees, soos wat ons in Daniël sien.

## Daniël 2 tot 7

Die Aramese gedeelte van Daniël (Daniël 2:4-7:28), het dié patroon:

ABCCBA

→ A Vier ryke en God se komende koninkryk (Hoofstuk 2).
  → B Beproewing deur vuur en verlossing (Hoofstuk 3).
    → C 'n Koning gewaarsku, getug en uitgelewer (Hoofstuk 4).
    → C 'n Koning gewaarsku, getug en afgesit (Hoofstuk 5).
  → B Beproewing deur die leeukuil en God se verlossing (Hoofstuk 6).
→ A Vier koninkryke en God se ewige koninkryk (Hoofstuk 7).

## Daniël 7

Die chiastiese struktuur word gebruik om klem op spesifieke gedagtes te lê. In hierdie struktuur staan hoofstuk 7 as die middelpunt uit. Hoofstuk 7 brei uit op hoofstuk 2 en hoofstuk 8. Hoofstuk 7 en 8 is nie verstaanbaar sonder hoofstuk 2 nie. Daniël 7 dien as skarnier tussen die twee dele.

## Daniël 8 tot 12

Die volgende gedeelte, wat in Hebreeus is, het 'n ringpatroon:

ABA

→ A Detail oor die na-Babiloniese koninkryke (Hoofstuk 8).
  → B Jerusalem herstel (Hoofstuk 9).
→ A Meer detail oor die na-Babiloniese koninkryke (Hoofstukke10-12).

# ’n Opsomming van Daniël se struktuur

| | | |
|---|---|---|
| **1-6** | **Vertellings** | |
| | **Inleiding** | |
| **1** | **Hebreeus 3de Persoon** | **God beskerm sy getroue dienaars in ballingskap** |
| | **Detail oor die vier koninkryke van die wêreld** | |
| **2** | **Aramees 3de persoon** | **Ⓐ Nebukadnesar: Vier ryke en God se komende koninkryk** |
| **3** | | **Ⓑ Beproewing deur vuur en verlossing** |
| **4** | | **Ⓒ Nebukadnesar gewaarsku, getug en uitgelewer** |
| **5** | | **Ⓒ Koning Belsasar gewaarsku, getug en afgesit** |
| **6** | | **Ⓑ Beproewing deur die leeukuil en God se verlossing** |
| **7-12** | **Visioene** | |
| **7** | **Aramees 1ste en 3de** | **Ⓐ Daniël se visioen: Vier ryke en God se ewige koninkryk** |
| | **Detail oor die na-Babiloniese koninkryke** | |
| **8** | **Hebreeus 1ste persoon** | **Daniël se visioen van ’n ram en ’n bok** |
| **9** | | **Daniël se gebed en visioen van die 70 sewes** |
| **10** | | **Daniël se visioen van Israel se toekoms** |
| **11** | | |
| **12** | | |

Verwerk van © Mark Barry 2009; besoek visualunit.me

# DANIËL 1

Daniël 1 vertel hoe jong manne uit Juda na Babilon weggevoer word en onder druk geplaas word om hul identiteit en geloof prys te gee. Hulle moes 'n nuwe taal, kultuur en selfs nuwe name aanvaar. Tog bly Daniël en sy vriende getrou aan die Here, selfs in klein dinge soos kos en drank. God eer hulle gehoorsaamheid deur hulle wysheid en insig te gee, en hulle styg uit bo al die ander in die koning se diens. Hierdie hoofstuk wys dat God in beheer is van die geskiedenis, en dat Hy sy kinders bewaar.

1. Waarom sê Daniël 1:2 dat die Here Juda in Nebukadnesar se hand oorgegee het? Hoe wys dit dat God selfs oor vyandelike nasies regeer? Vergelyk Jesaja 39:6–7; Handelinge 17:26).
2. Lees Daniël 1:3-4. Die koning kies spesifiek jong manne van die koninklike en adellike families. Hoe sou jy sê is dit 'n strategie om 'n volk se identiteit uit te wis? Vergelyk Eksodus 1:8-10.
3. Lees Daniël 1:6-7. Hoekom verander Nebukadnesar Daniël en sy vriende se name? Wat leer dit jou oor die mag van identiteit? Vergelyk Jesaja 43:1 en Openbaring 2:17.

## Die name van Daniël en sy vriende

Daniël en sy vriende, Gananja, Misael en Asarja, se name is met hul aankoms in Babilon verander: "Daniël is Beltsasar genoem, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego" (Daniël 1:7). Al vier se oorspronklike name het die Naam van God bevat, terwyl hul nuwe name elkeen na 'n ander Babiloniese afgod verwys. Hier is die betekenisse van elkeen se ou en nuwe name.

→ **DANIËL** = God is my Regter → **BELTSASAR** = die skatmeester of skat van Bel (Baäl)
→ **HANAJA** = die Here het gewys dat Hy genadig is → **SADRAG** = dienaar van Mardoek (die songod en hoofgod van Babel)
→ **MISAEL** = Wie is soos God? → **MESAG** = wie is soos die god Agu (maangod)?
→ **ASARJA** = die Here help → **ABEDNEGO** = dienaar of aanbidder van Nega

4 Daniël het hom in sy hart voorgeneem om hom nie te verontreinig met die koning se kos en wyn nie (Daniël 1:8). Hoe belangrik is dit om 'n vaste besluit te neem voordat versoeking kom? Vergelyk Psalm119:9-11.

5 Waarom sou die koning se kos en wyn 'n probleem gewees het vir Daniël? Lees Levitikus 11 en Levitikus 19:26. Wat leer dit jou van gehoorsaamheid aan God in klein én groot dinge?

6 Lees Daniël 1:9. Hoe sien ons God se hand hierin, en hoe wys dit dat God se genade dit vir ons moontlik maak om getrou te wees? Vergelyk Spreuke 16:7.

7a Waarom is dit belangrik dat Daniël en sy vriende na 10 dae gesonder lyk?
7b Hoe bevestig dit dat God gehoorsaamheid seën? Vergelyk Deuteronomium 8:3 en Matteus 6:33.

8 Daniël 1:17 stel dat God aan die vier jongmanne insig en wysheid gegee het. Lees Jakobus 1:5. Wat leer ons hieruit oor wysheid?

9 Daniël bly in diens tot in die tyd van koning Kores (Daniël 1:21). Hoe wys dit dat God sy plan oor eeue heen laat slaag, ongeag wie regeer? Vergelyk Daniël 2:21 en Psalm 146:3-10.

10 Hoe is Daniël en sy vriende 'n voorbeeld vir jou van getrouheid in 'n wêreld wat jou wil aanpas by sy waardes? Vergelyk Romeine 12:2.

## TOEPASSING

- → Waarin word jy tans uitgedaag om jou geloof aan te pas – dalk in jou werk, studies, of verhoudings?
- → Hoe kan jy, soos Daniël, in jou hart besluit om aan God getrou te bly?
- → Watter klein daaglikse besluite kan jy neem wat jou help om jou identiteit in Christus te bewaar?
- → Hoe bemoedig dit jou dat God se seën en wysheid groter as die wêreld se beloftes van sukses is?
- → Hoe wys Daniël 1 jou na Christus? Dink daaraan dat Jesus Christus self getrou gebly het in versoeking (Matteus 4:1-11) en die ware wysheid en krag van God is (1 Korintiërs 1:24).



# DANIËL 2

Daniël 2 speel af in die vroeë jare van Daniël se ballingskap in Babilonië. Koning Nebukadnesar droom 'n droom wat hom ontstel, en geen wyse man of towenaar kon dit verklaar nie. Daniël word egter deur God gebruik om die droom te verklaar. Hy leer die koning, en ons, dat God die Here van die geskiedenis is: Hy stel konings aan en neem hulle weg (Daniël 2:21).

Hier slaan die oorspronklike teks van die boek Daniël oor van Hebreeus na Aramees. Hoofstukke 2:4-7:28 is in Aramees geskryf, die internasionale taal van die ryk, wat wys dat die boodskap nie net vir Israel bedoel was nie, maar vir alle volke en nasies.

Nebukadnesar se droom openbaar die opeenvolging van vier wêreldryke: Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome. Hierdie ryke sou uiteindelik deur God se ewige koninkryk vervang word. Die klip wat sonder mensehande gekap is (Christus en sy koninkryk) verpletter die beeld en vul die hele aarde.

1 Daniël 2:4 tot 7:28 is in Aramees geskryf wat 'n algemene taal was wat meeste mense kon verstaan. Wat sê dit oor die boodskap se universele relevansie?

2a Daar word vier keer in hierdie hoofstuk (verse 18, 19, 28 en 37) na God as die "God van die hemel" verwys. Hoe openbaar God Homself as die "God van die hemel"?

2b Waarom is dit belangrik teenoor die mag van aardse konings? Vergelyk Lukas 1:33.



### Hoekom word die Galdeërs ook sterrekykers genoem?

In die 1983-vertaling lees ons van sterrekykers (Daniël 2:10). Dit terwyl die 2020- en 1933-vertalings na die Galdeërs / Chaldeërs verwys. Dit kan baie verwarrend wees – ons kyk hier na wie die Galdeërs was en hoekom hulle sterrekykers genoem is.

Ons lees al in Genesis 11:28 van die Galdeërs: Abraham se vader Terag, het in "Ur van die Galdeërs" gewoon. Die Galdeërs het in suidelike Babilonië gewoon, vandag Irak. Soms gebruik die Bybel die term Galdeërs om na hierdie spesifieke stam te verwys, maar dit word ook gebruik om na die Babiloniërs in die algemeen te verwys. Verskeie Galdeërs het konings van Babilon geword.

Die Galdeërs was bekend vir hul studie en kennis van astrologie (voorspellings) en astronomie (sterrekunde). In die tyd van Joodse ballingskap in Babilon was die Galdeërs bekend as wyse manne en astroloë (Daniël 1:4; 2:10; 4:7; 5:7, 11).

3. Wat wys Nebukadnesar se droom oor die verganklikheid van aardse ryke en die sekerheid van God se ewige koninkryk? Vergelyk Johannes 18:36.

4. Lees verse 34-35. Hoe kontrasteer die vier ryke in die beeld met die steen wat nie deur mensehande gekap is nie? Vergelyk Matteus 1:20.

5. Waarom noem Daniël dat God konings aanstel en afsit, en hoe help dit ons verstaan dat Hy oor die geskiedenis regeer? Vergelyk Handelinge 2:32-36.

6. Watter hoop bring Daniël 2 vir die ballinge, en hoe bevestig dit dat Babilon nie die laaste woord het nie? Vergelyk Openbaring 11:15.

7. Lees Matteus 13:31-33. Hoe pas Jesus se gelykenisse van die mosterdsaad en suurdeeg by die beeld van die koninkryk wat die hele aarde vul?

8. Waarom word Jesus self in die Nuwe Testament die "steen" (verse 34-35) genoem, en hoe sluit dit aan by Daniël se profesie? Vergelyk Psalm 118:22 en Matteus 21:42-44.

9 Wat beteken dit dat Christus se koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, en tog die hele wêreld gaan vul? Vergelyk Handelinge 1:8.

10 Hoe sien ons dat die koninkryk reeds in Jesus se bediening gekom het, en tog nog volledig moet kom? Vergelyk Matteus 12:28; Markus 4:26-32 en Hebreërs 1:8.

11 Hoe bemoedig dit ons om te weet dat God die verborgenhede openbaar aan sy kinders soos Hy aan Daniël gedoen het? Vergelyk Lukas 12:32.

12 Watter rol speel die Heilige Gees in die uitbreiding van die koninkryk, en hoe het dit reeds met die apostels begin? Vergelyk Handelinge 1:8.

13 Wat beteken dit vir jou geloof dat alle aardse koninkryke uiteindelik vernietig word, maar dat Christus se troon vir ewig staan? Vergelyk 2 Petrus 1:11.

14 Hoe herinner Daniël se nederige houding ons dat God die mag en wysheid gee, en nie ons eie bekwaamheid nie? Vergelyk 1 Korintiërs 1:26-31.

15 Hoe kan Daniël 2 jou help om vandag met hoop en sekerheid te leef te midde van krisisse in die politiek en die wêreld? Vergelyk Matteus 26:64).

## TOEPASSING

- → Waarin plaas jy dalk nog jou hoop op aardse ryke, strukture of leiers wat verbygaan?
- → Hoe kan Daniël se voorbeeld jou leer om te bid vir wysheid in jou tyd?
- → Hoe gee dit jou moed om te weet dat God se koninkryk vasstaan, selfs wanneer nasies en maghebbers wankel?
- → Hoe wys Daniël 2 jou na Christus, die steen? Hou in gedagte dat Hy deur mense verwerp is, maar deur God verheerlik is, en sy koninkryk gebou het wat nooit ondergaan nie.

# DANIËL 3

Daniël 3 vertel hoe Nebukadnesar 'n reuse goue beeld oprig en vereis dat almal voor dit moet buig. Die drie jongmanne – Sadrag, Mesag en Abednego – weier om afgodery te pleeg, selfs ten koste van hul lewens. God verlos hulle op wonderbaarlike wyse en openbaar sy teenwoordigheid in die vuur. Hierdie hoofstuk vra hoe ons getrou aan die Here kan bly te midde van druk om soos die wêreld te word.

1a Waarom bou Nebukadnesar 'n beeld wat geheel en al van goud is? Hoe verskil dit van die beeld in Daniël 2?

1b Wat openbaar dit oor sy hart teenoor God?

2 Lees Genesis 11:3-4. In watter mate lyk Nebukadnesar se goue beeld in Babilonië soos die toring van Babel? Watter menslike motivering sien jy in albei?

3 Waarom roep Nebukadnesar al die volke, tale en nasies saam (vers 2)? Hoe herinner dit jou aan Openbaring 13:7-8?

4 In die Romeinse Ryk was daar 'n botsing tussen "Kyrios Caesar" (Here Keiser) en "Kyrios Christus (Here Christus)." Hoe vergelyk dit met die situasie in Daniël 3? Vergelyk Filippense 2:10-11.

5 Nebukadnesar gee opdrag dat almal voor die beeld moet buig. Die meeste Jode het gebuig, maar drie het nie. Wat sê dit oor groepsdruk en ware getrouheid? Vergelyk Johannes 12:42-43.

6a Vergelyk die drie vriende se antwoord in Daniël 3:17-18 met Jesus se gebed in Getsemane in Matteus 26:39. Wat leer ons hieruit oor vertroue in God?

6b Wat leer dit ons oor die verskil tussen God se vermoë en sy wil? Vergelyk Efesiërs 3:20 en Jesaja 55:8-9).

7 Hoe ervaar ons self die druk om "in te pas"? Vergelyk Romeine 12:2.

8 Hoe wys die feit dat die soldate sterf, maar die drie gered word, die ironie van Nebukadnesar se mag? Vergelyk Matteus 16:25.

9 Wie is die vierde persoon saam in die vuur? Hoe help Jesaja 43:2; Matteus 28:20 en Romeine 8:38-39 ons om dit te verstaan?

10 Hoe sien ons hier die waarheid van Immanuel – God met ons? Vergelyk Jesaja 7:14 en Matteus 1:23.

11 Hoe weerspieël hierdie verhaal Jesus se versoeking in die woestyn in Matteus 4:8-10 en sy getrouheid tot die dood aan die kruis (Filippense 2:8)?

12 Hoe bring Christus die ware eenheid van nasies deur die kruis saam, anders as Nebukadnesar se poging? Vergelyk Efesiërs 2:14-16 en Johannes 12:32.

13 Nebukadnesar erken later: "julle God" het gered. Hoe wys dit daarop dat erkenning nie gelyk is aan ware bekering nie? Vergelyk Handelinge 8:21-22 en Jakobus 2:19.

14 Hoe bemoedig hierdie verhaal ons in tye van vervolging en beproewing? Vergelyk 1 Petrus 1:6-7 en Handelinge 14:22.

## TOEPASSING

- → Ervaar jy vandag die druk om wêreldse afgode (soos mag, sukses, status of aanvaarding) na te streef?
- → Hoe herinner hierdie hoofstuk jou dat God nie altyd die vuur wegneem nie, maar wel by jou in die vuur is?
- → Hoe kan jy soos die drie jongmanne bely: "Selfs al ... sal ek aan die Here getrou bly"?

# DANIËL 4

Daniël 4 vertel hoe koning Nebukadnesar 'n droom ontvang van 'n groot boom wat afgekap word. Daniël verduidelik dat dit die koning self is, en dat hy van sy mag en heerlikheid gestroop sou word totdat hy erken dat God regeer. Nebukadnesar se trots bring hom tot 'n dierlike toestand, maar ná 'n tyd word hy herstel wanneer hy sy oë ophef na die hemel. Hy eindig met lof aan God. Hierdie hoofstuk verduidelik hoe God die hoogmoediges verneder en die nederiges verhef, en hoe ware bekering nie net deur wonders gebeur nie, maar deur innerlike verandering.

## Drome en visioene in Daniël en die res van die Bybel

God gebruik drome en visioene dwarsdeur die Bybel om met mense te kommunikeer. Die enigste verskil tussen die twee is dat drome gebeur wanneer mens slaap, terwyl visioene gebeur wanneer mens wakker is. Visioene word in Numeri 24:3-4 beskryf met die openbaring aan Bileam as "sy oë word geopen".

In die Ou Testament gebruik God drome en visioene om aan sy volk sy plan te gee en dit dan te laat gebeur. In die Nuwe Testament gebruik God dit om Jesus te identifiseer en sy kerk onder alle nasies uit te brei. Vandag kan ons as gelowiges ons leiding uit die Woord van God put, nie uit drome of intuïsie nie. Drome en visioene is nie meer nodig nie.

Dit beteken nie dat God nie drome kan gebruik nie, maar dit is nie sy primêre manier om met ons te praat nie; hiervoor het Hy die Bybel gegee (Hebreërs 1:1-2). Alles, insluitend drome, gevoelens en ervarings, moet altyd aan die Bybel getoets word. Onverklaarbare ervarings of drome kan ons iets laat oordink, maar hulle dien ons die beste wanneer hulle ons terugdryf na God se vaste, seker Woord. Die Bybel bevat volkome die wil van God en ons glo dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, voldoende daarin geleer word.

1. Nebukadnesar begin deur lof aan God te bring. Waarom is dit merkwaardig dat 'n heidense koning hierdie lof uitspreek? Vergelyk Psalm 67:2-3.
2. Is dit belangrik dat hy sy getuienis aan al die volke rig (dieselfde mense wat vroeër moes buig voor sy beeld)? Vergelyk Handelinge 1:8.
3. Watter verskil sien jy tussen om net God se wonders te aanskou, en wonders wat Hy aan jou gedoen het? Vergelyk Psalm 66:16.
4. Hoe sien ons Nebukadnesar se transformasie in sy verhouding tot Daniël deur die gebruik van sy name Beltsasar en Daniël? Vergelyk Daniël 1:7 en 4:8-9.
5. Wat simboliseer die groot boom wat tot in die hemel reik, en hoe herinner dit aan die toring van Babel? Vergelyk Esegiël 31:3-14.
6. Waarom gee God aan Nebukadnesar eers 'n waarskuwing en 'n jaar van genadetyd voor die oordeel kom? Vergelyk 2 Petrus 3:9.
7. Wat openbaar Nebukadnesar van homself wanneer hy spog oor "die groot Babel wat ek gebou het"? Vergelyk Jesaja 10:13-15.
8. Hoe is Nebukadnesar wat soos 'n dier leef, 'n voorbeeld van die vernedering van mense wat hulle teen die Here verhard? Vergelyk Psalm 49:12, 20.

## Wie regeer terwyl Nebukadnesar soos 'n wilde dier leef?

In Daniël 7:16 lees ons dat Nebukadnesar vir "sewe tydperke" soos 'n wilde dier sal leef. Dit verwys nie noodwendig na kalenderjare nie.

In antieke Nabye-Oosterse literatuur dui die woord "tydperke" dikwels op voltooide periodes, soms seisoene of simboliese tydeenhede. Dit was dus heel moontlik 'n korter periode.

Daar is dus nie noodwendig 'n nuwe koning wat regeer nie. Die antieke wêreld het 'n standaardpraktyk gehad: Wanneer 'n koning ongeskik was (weens siekte, oorlog of ander redes), het sy raad van koninklike amptenare in sy plek waargeneem, maar die koning het amptelik steeds koning gebly.



9 Wat is die verskil tussen minderwaardigheid, meerderwaardigheid en nederigheid? Vergelyk Kolossense 2:18 en 1 Korintiërs 1:31.

10 Hoe wys Nebukadnesar se herstel dat redding heeltemal genade is? Vergelyk Efesiërs 2:8-9.

11 Nebukadnesar erken dat God "doen wat Hy wil met die hemelse magte en die mense van die aarde". Hoe bring dit troos aan gelowiges? Vergelyk Psalm 115:3 en Romeine 8:28.

12 Hoe wys hierdie hoofstuk dat menslike konings net tydelike heersers is, maar dat God se koninkryk ewig is? Vergelyk Openbaring 11:15.

13 Wat leer ons uit Nebukadnesar se voorbeeld oor hoe gevaarlik dit is om jou identiteit te bou op mag, sukses en prestasie? Vergelyk Lukas 12:16-21 en Jakobus 4:13-16.

14 Waarom is dit belangrik dat selfs 'n heidense koning moes erken dat God regeer? Vergelyk Psalm 45:23 en Romeine 14:11-12.

15 Hoe bemoedig hierdie verhaal ons dat God in staat is om die hardste harte te buig en ware bekering te bring? Vergelyk Esegiël 36:26 en Handelinge 9:1-6.

## TOEPASSING

→ Waar sien jy in jou eie lewe of gemeente die gevaar van selfverheffing?
→ Hoe gee God ook vandag waarskuwings of "genadetyd" om mense tot bekering te roep?
→ Wanneer jy sukses ervaar, hoe kan jy keer dat jy "uitkyk" na jou prestasies eerder as om "op te kyk" na God?
→ Hoe herinner hierdie hoofstuk jou dat God self Hom verneder het in Christus, en daarom die mag het om jou op te hef?

# DANIËL 5

Daniël 5 vertel van koning Belsasar se groot fees, waar hy en sy gaste wyn drink uit die heilige bekers wat Nebukadnesar dekades tevore uit die tempel in Jerusalem weggevoer het. Terwyl hulle spot en hulle afgode loof, verskyn die vingers van 'n hand wat 'n boodskap op die muur skryf. Niemand kon dit lees nie – totdat Daniël, al 'n bejaarde man, geroep word. Hy verklaar dat God die koning se dae getel het, sy lewe geweeg het en sy koninkryk verdeel het. Daardie selfde nag word Belsasar vermoor en die Mede en Perse neem die ryk oor. Hierdie hoofstuk wys hoe God die hoogmoediges oordeel en die wêreldryke vervang met sy eie ewige koninkryk.

## Konings in Daniël

In Daniël 5 lees ons van die eerste koning na koning Nebukadnesar. Hou hierdie lys van konings in gedagte terwyl jy hierdie Bybelstudies doen. Dit is 'n lys van al die konings wat in Daniël genoem word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| JOJAKIM | Juda | 609–598 v.C. | Daniël 1:1 |
| NEBUKADNESAR II | Babilonië | 605–562 v.C. | Daniël 1-4 |
| BELSASAR | Babilonië | 553–539 v.C. | Daniël 5, 7, 8 |
| DARIUS DIE MEDER | Medo-Persië | 539–? v.C. | Daniël 6, 9 |
| KORES | Persië | Vanaf 539 v.C. | Daniël 1:21,10, 11 |

## Die historiese verloop van Daniël

Daniël 7 en 8 hoort histories voor Daniël 5. Wanneer jy by hoofstuk 7 in Daniël kom sal jy die eerste keer sien dat daar weer na 'n koning gepraat word wat al

verby is. Dis omdat die boek nie in chronologiese volgorde geplaas is nie. Die historiese verloop is soos volg:

→ Daniël 7: "In die eerste jaar van koning Belsasar…"
→ Daniël 8: "In die derde jaar van Belsasar…"
→ Daniël 5: Belsasar se laaste nag (539 v.C.), die val van Babilon.
→ Daniël 6: Darius die Meder regeer ná daardie nag.

1. Babiloniese konings sou gewoonlik privaat of slegs saam met die koninklike raad fees gevier het. Daardeur het hulle hulself afgesonder saam met die hooggeplaastes. Hoe toon Belsasar se gedrag in vers 1 sy magsvertoon en selfverheffing? Vergelyk Spreuke 16:18.

2. Wat is die erns daarvan dat hy drink uit die bekers wat aan God se tempel behoort het? Vergelyk Esra 1:11 en 2 Kronieke 36:7.

3. Waarom is dit erger dat hulle hierdie bekers gebruik om afgode te loof? Vergelyk Psalm 115:4-7 en Jesaja 42:8.

4. Hoe word Belsasar onmiddellik deur God verneder toe die hand verskyn? Vergelyk Handelinge 12:21-23.

5. Wat leer ons uit die feit dat geen van die wyse manne die skrif kon lees nie? Vergelyk Jesaja 44:25.

6. Lees weer Daniël 5:10-12. Hoe wys dit dat Daniël se reputasie oor dekades bekend gebly het?

## Waarna verwys die "gees van die gode"?

Elke keer dat die frase "die gees van die gode" voorkom (Daniël 4:8, 4:9, 4:18, 5:11, 5:14), is dit nie Daniël se eie woorde nie maar Nebukadnesar (hoofstuk 4), die koningin-moeder (hoofstuk 5) of Belsasar (hoofstuk 5) se woorde. Hulle is almal veelgodsdienaars (politeïste). Wanneer hulle dus beskryf dat Daniël die "gees van die gode" in hom het, beskryf hulle Daniël se buitengewone wysheid met die begrippe van húlle wêreldbeeld. Hulle gebruik dus heidense taal om iets bo-natuurliks in Daniël te erken. Heidene het geglo dat wysheid, insig of bonatuurlike vermoëns uit die geesteswêreld kom.

7 Hoe plaas Belsasar vir Daniël dadelik op sy plek in vers 13, en hoekom is dit ironies dat hy nou afhanklik is van die Joodse profeet wat hy minag?

8 Waarom weier Daniël die koning se beloning? Hoe wys dit dat God se woord nie gekoop kan word nie? Vergelyk Miga 3:11 en Handelinge 8:18-20.

9 Watter ernstige beskuldiging lê Daniël teen Belsasar neer in verse 22–23? Hoe is sy sonde ernstiger as Nebukadnesar s'n?

10 Hoe vermaan Daniël vir Belsasar omdat hy die God wat sy asem gee, nie geprys het nie? Vergelyk Handelinge 17:25 en Kolossense 1:16-17.

11 Hoe verstaan ons die woorde *Mene, Mene, Tekel, Parsin* in vers 25? Waarom gebruik Daniël dit as werkwoorde: "getel, geweeg, verdeel"?

## Wat beteken "Mene, Mene, Tekel, Parsin"?

Hierdie is Aramese woorde, maar in hul basisvorm is dit selfstandige naamwoorde vir gewigte of munteenhede:

- → *Mene* = mina ('n groot gewig)
- → *Tekel* = shekel ('n sikkel)
- → *Peres* / *Parsin* = half-mina of gedeelte

As jy dit letterlik lees, staan daar net: "Mina, mina, shekel, half-mina." Dit is net 'n lys van geld- of gewigseenhede. Dis waarom die Babiloniese wyses dit nie kon lees of verstaan nie: Die woorde is herkenbaar, maar die betekenis is versteek. Daniël vertaal die woorde nie net nie, hy interpreteer dit. Hy verander die selfstandige naamwoorde in soortgelyke werkwoorde om die goddelike oordeel te verduidelik.

- → *Mene* (mina) "om te tel"
- → *Tekel* (shekel) "om te weeg"
- → *Peres* / *Parsin* (gedeelte) "om te verdeel"

1. **MENE, MENE:** "God het jou koningskap getel en 'n einde gemaak."
   Die herhaling versterk die sekerheid van die oordeel.
2. **TEKEL:** "Jy is geweeg in die weegskaal en te lig bevind."
   Weeg is 'n geregtelike metafoor.
3. **PARSIN:** "gedeel" – "Jou koninkryk is verdeel en aan die Perse gegee."

12 Hoe wys hierdie oordeel dat die Babiloniese ryk net tydelik was, en dat God die ware Heerser oor die geskiedenis is? Vergelyk Openbaring 11:15.

13 Waarom is dit betekenisvol dat Daniël tog die eer ontvang, maar dat dit hom geen voordeel bring nie, want die koning sterf dieselfde nag?

14 Hoe word God se soewereiniteit duidelik in vers 30 met die woorde "daardie nag", én dat Darius die koninkryk oorneem? Vergelyk Psalm 75:5-8 en Daniël 2:21.

## Die ryk van die Meders en Perse

Ons lees dikwels van die Meders en die Perse in die Bybel, maar ons verwys ook na 'n Medo-Persië ryk as een van die vier ryke waarvan daar in Daniël gepraat word. Dit is omdat dié twee koninkryke saamgesmelt het. Die Meders was aanvanklik die heersende ryk, maar in 550 v.C. het die Perse hulle oorwin. So het die Meders onder die beheer van die Persiese koning, koning Kores, gekom. Hoewel die Perse die oorwinning behaal het, het dié koninkryk die gewoontes en wette van die Meders en die Perse gekombineer. Beide Meders en Perse het hoë ampte beklee. In Daniël 8 lees ons dat Daniël 'n visioen sien wat hierdie twee volke afbeeld. Toe die Meders en die Perse Babilon oorgeneem het was koning Darius ('n Meder) die eerste koning van die stad.

15 Hoe wys hierdie verhaal dat God nie hulpeloos is teenoor die mag van wêreldryke nie, maar sy koninkryk in sy tyd bring? Vergelyk Markus 1:14-15 en 1 Korintiërs 15:24-26.

## TOEPASSING

- Waar sien jy dat mense God se heiligheid vandag verontagsaam of spot met sy Naam?
- Watter afgode kry dalk steeds die eer wat aan God alleen behoort?
- Hoe herinner hierdie verhaal jou dat jou asem en jou dae in God se hand is? Lees Job 12:10.
- Jesus Christus het die koninkryk van God gebring, 'n koninkryk wat nooit sal vergaan nie. Hoe versterk hierdie gedagte jou geloof?

# DANIËL 6

Daniël 6 vertel hoe Daniël, selfs in sy oudag, aan God getrou bly al verbied die koning se wet gebed tot enigiemand behalwe die koning self. Sy vyande gebruik sy getrouheid aan God om hom te vernietig, maar die Here red hom op wonderbaarlike wyse uit die leeukuil. Hierdie hoofstuk wys vir ons die botsing tussen menslike gesag en God se gesag, en herinner ons aan Christus se lyding en oorwinning.

1. Waarom stel Darius 120 goewerneurs-generaal aan? Hoe herinner dit jou aan die oorgang van Babilon (goud) na Medo-Persië (silwer) in Daniël 2:32 en 39?

2. In Daniël 6:4 lees ons dat Daniël buitengewoon bekwaam was. Watter eienskappe van Daniël maak hom uitstaande? Vergelyk 1 Petrus 2:12.

3. Die ampsdraers sê "almal" het ingestem tot die dekreet. Hoekom is dit 'n leuen? Hoe gebruik mense soms oordrywing om te manipuleer? Vergelyk Markus 14:55-59.

4. Waarom sou koning Darius 'n wet onderteken wat lojaliteit aan hom beklemtoon? Hoe lyk dit soos Openbaring 13:7–8?


5. Lees Handelinge 5:29 en verklaar hoekom Daniël bly bid hoewel hy weet die onherroeplike wet van Mede en Perse is onderteken.

6. Waarom bid Daniël na Jerusalem toe? Vergelyk 1 Konings 8:30 en 2 Kronieke 6:38-39. Hoe wys dit sy verbondsverhouding met God?

7. Waarom bid Daniël drie keer per dag? Vergelyk dit met Psalm 55:17-18. Hoe help dissipline in gebed jou geloof?

8. Hoe word Daniël aangekla? Hoe herinner dit jou aan Jesus se vyande wat Hom wou veroordeel? Vergelyk Matteus 26:3–4 en Johannes 19:7.

9. Hoe reageer Darius wanneer hy besef hy is vasgevang (Daniël 6:14-16)? Hoe is dit soos Pilatus wat Jesus wou red, maar tog toegegee het (Matteus 27:24)?



## Die wet van die Meders en Perse

In Daniël 6 lees ons drie keer (verse 9, 13 en 16) dat die wet van die Meders en Perse nie herroep mag word nie. Vers 9 verduidelik hoe die koninklike dekreet werk: "Stel dan nou so 'n dekreet op en vaardig dit skriftelik uit sodat dit nie verander kan word nie …" Vers 16 verduidelik verder dat 'n verbod of verordening wat deur die koning uitgevaardig is nie verander mag word nie. Hierdie wet verskil van die wette van die Babiloniërs waar die koning die mag gehad het om die wet te verander.

Dis juis hierdie wet wat gemaak het dat Daniël se vyande die koning kon manipuleer om die dekreet uit te vaardig, en dit dan nie later kan verander nie. Koning Darius kon dus nie sy dekreet verander nie, al lees ons dat hy planne gemaak het om Daniël te red (vers 16).

10 Hoe versterk Darius se woorde in Daniël 6:16 ("Mag jou God jou red") jou geloof? Vergelyk Psalm 30:4 en Johannes 11:25.

11 Hoekom word die klip en seël oor die leeukuil geplaas en hoe is dit met vergelyking tot Jesus se graf? Vergelyk Matteus 27:60, 66.

12 Watter parallel sien jy tussen Daniël wat ongedeerd uit die leeukuil kom en Jesus se opstanding? Vergelyk Markus 16:2 en 1 Korintiërs 15:20.

13 Wat openbaar die koning se belydenis in Daniël 6:25-27 oor God se koninkryk wat nie vernietig sal word nie? Hoe verbind dit met Daniël 2:44 en Matteus 28:18?

14 Hoe leer Daniël se gehoorsaamheid jou iets oor jou eie roeping in 'n wêreld wat jou geloof wil verwater? Vergelyk Romeine 12:2.

15 Hoe is Daniël 'n tipe van Christus – onskuldig, vervolg, in die leeukuil geplaas, maar lewend uitgebring? Vergelyk Jesaja 53:9-11 en Handelinge 2:24.

## TOEPASSING

→ Waar in jou lewe ervaar jy die spanning tussen gehoorsaamheid aan mense en gehoorsaamheid aan God?
→ Wat leer ons uit Daniël se voorbeeld om dissipline in gebed vol te hou, selfs wanneer dit gevaarlik of ongewild is?
→ Hoe bemoedig dit jou dat God se koninkryk nooit vernietig kan word nie – selfs al lyk menslike magte oorweldigend?

# VISIOENE in ons lewens vandag

Voordat ons spesifiek na die visioene van Daniël gaan kyk vanaf hoofstuk 7, is dit belangrik dat ons gaan nadink oor mense in ons tyd wat blykbaar visioene sien. Elke nou en dan is daar iemand wat verklaar dat hulle 'n visioen gehad het, en dat Christus se wederkoms op een of ander spesifieke datum is. Dit sit almal aan die gons en dan kom daar niks van die kamstige visioene en voorspellings nie.

## Is dit so dat die Here vandag nog aan mense visioene oor die toekoms gee?

Wat belangrik is, is dat ons 'n baie duidelike onderskeid tussen mense se drome (visioene) en God se openbaring moet maak. Baie mense droom en daar is niemand van ons wat nog nooit 'n droom gehad het nie. Maar, ons kan en mag dit nie gelykstel aan wat God in sy Woord bekendmaak nie.

Ons glo dat God alles wat Hy wou aan ons bekend maak reeds in die Bybel, vanaf Genesis tot Openbaring, bekend gemaak het.

## Die Bybel is genoeg

Iemand wat meen dat hy 'n visioen ontvang het en daarmee sekere voorspellings oor die toekoms waag, is eintlik besig om iets by die Bybel te voeg wat nie daar staan nie.

In Openbaring 22:18 en 19 waarsku die Here uitdruklik: "Ek getuig teenoor elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boekrol hoor: As iemand iets hieraan toevoeg, sal God die plae waarvan in hierdie boekrol geskryf is, aan hom toevoeg. En as iemand van die woorde van die boekrol van hierdie profesie wegneem, sal God sy aandeel aan die boom van die lewe, en aan die heilige stad waarvan in hierdie boekrol geskryf is, wegneem."

“Wees dan waaksaam, omdat julle die DAG en die UUR nie ken nie” (Matteus 25:13).

## Hoe reageer ek op iemand wat sê dat hulle ’n visioen gesien het of dat God met hulle gepraat het?

Aangesien ons getrou aan God se Woord wil bly is die eerste en belangrikste maatstaf altyd om dit aan die Woord van God te meet.

Wanneer iemand sê dat hulle weet wat die dag en datum is waarop die wederkoms gaan plaasvind, antwoord ons uit die Woord: “Wees dan waaksaam, omdat julle die dag en die uur nie ken nie” (Matteus 25:13; vergelyk ook Matteus 24:36, 44).

Geen mens weet wanneer Christus se wederkoms plaasvind nie. Iemand het een keer die opmerking gemaak: as iemand iets profeteer en dit is vals, is hy ’n valse profeet en as iemand iets profeteer wat reeds in die Bybel staan, is sy profesie onnodig omdat dit reeds in die Bybel staan. Die punt is: Ons hou vas aan die waarheid en genoegsaamheid van God se Woord!

## Die gedrag van Bybelse mense wat visioene ontvang

Iets wat verder opmerklik is van hierdie mense met hul kamstige visioene is die bravade en hoogmoed waarmee hulle dit uitblaker, terwyl ons by ’n ware profeet soos Daniël ’n heeltemal ander gesindheid opmerk.

Ons lees dat Daniël diep onrustig, gedaan, uitgeput en platgeslaan is as hy die visioene ontvang (vergelyk Daniël 7:15, 28; 8:17, 18, 27; en 10:8, 16, 17). Daniël is totaal oorweldig deur die geweldigheid van hierdie hemelse visioene, sodat hy hom voor die heilige God onderwerp. Daniël is nederig voor die almagtige Here.

# DANIËL 7

Daniël 7 gee vir ons 'n apokaliptiese visioen: 'n Openbaring van toekomstige tye. Hy sien vier monsters uit die see kom – simbole van wêreldryk na wêreldryk wat in opstand teen God staan. Die fokus van die hoofstuk is egter nie die diere nie, maar die troon van God en die "Seun van die Mens" wat 'n ewige koninkryk ontvang. Dit herinner ons te midde van chaos en konflik dat God regeer, en sy heiliges saam met Hom die koninkryk sal erf. In die Bybelstudieboek se inleiding het ons gelees hoe Daniël 7 die skarnier is van die twaalf hoofstukke. Dit is ook die weerspieëling van hoofstuk 2. Hou dit in gedagte wanneer jy hierdie Bybelstudie doen.

1. Waarom word die see dikwels gebruik as beeld van chaos en gevaar? Vergelyk Psalm 89:10; 93:3-4 en Jesaja 57:20. Hoe pas dit by die opkoms van die diere in Daniël 7?

2. Die diere is vermeng en onnatuurlik, in teenstelling met Genesis 1 waar elke dier "volgens sy soort" geskape is. Wat sê dit oor die ryk van sondige mense en hoe die skeppingsorde verdraai word?

3. Die eerste dier is soos 'n leeu met arendsvlerke (Babilon). Hoe beskryf Jeremia 4:7 en 50:17 Nebukadnesar in soortgelyke terme?

4. Die tweede dier is soos 'n beer (Medo-Persië). Hoe sien ons in Jeremia 51:11-14 dat God wêreldryke as instrumente van oordeel gebruik?

5. Die derde dier is soos 'n luiperd met vier koppe en vier vlerke (Griekse Ryk). Hoe vervul die verdeling van Alexander die Grote se ryk hierdie beeld?

## Die Griekse ryk en Alexander die Grote

Alexander die Grote (336-323 v.C.), het binne ’n ongelooflike kort tyd die grootste ryk van sy tyd verower. Hy het in minder as 10 jaar ’n ryk opgebou wat gestrek het van vandag se Griekeland, deur Persië (vandag Iran), Egipte, die Midde-Ooste, Pakistan en Indië. Ná Alexander se vroeë dood, op net 32, het sy ryk in vier dele verdeel. Hy het nie ’n opvolger gehad nie daarom is sy ryk onder sy vier voorste generaals verdeel: Cassander – Masedonië en Griekeland; Lysimachus – Klein-Asië en Thrakië; Seleukus I – Sirië, Babilonië, Mesopotamië (Seleukiede); en Ptolemeus I – Egipte en Palestina (Ptolemeërs). Alexander se magtige ryk is gou vernietig.

6 Die vierde dier is so verskriklik dat dit nie na ’n bekende dier lyk nie. Waarom dink jy word die Romeinse Ryk só beskryf? Vergelyk Daniël 2:40 en Lukas 2:1.

7 Wat beteken dit dat die diere “mag gegee” is? Hoe wys dit God se soewereiniteit selfs oor bose ryke? Vergelyk Romeine 13:1.

8 Lees vers 8. Hoe word die “klein horing” beskryf? Hoe vergelyk dit met die beskrywing van die Antichris in 2 Tessalonisense 2:3-4 en 1 Johannes 2:18?

9 Wat leer die “Oue van Dae” (vers 9) se beskrywing (wit kleed, vuur-troon, duisende engele) ons oor God se heiligheid en majesteit? Vergelyk Jesaja 6:1-3 en Hebreërs 12:28-29.

## Die Oue van Dae

Die boek Daniël is die enigste plek in die Bybel waar daar na God verwys word as die “Oue van Dae”. Daar is drie verwysings: verse 9, 13 en 22. Die 1983-vertaling gebruik egter ander woorde en gee ons ’n idee van die betekenis en verwys na God as “Hy wat ewig lewe” (vers 9). Die verwysing na God as die “Oue van Dae” laat ons opnuut besef dat God in beheer is van die verlede, die hede én die toekoms. Hy het alles gesien en sal altyd daar wees.

10 Wat beteken dit dat die “Seun van die Mens” op die wolke kom? Hoe word hierdie beeld in die Ou Testament vir God self gebruik? Vergelyk Eksodus 19:16; Psalm 68:5; Jesaja 19:1 en Psalm 104:3.

11 Jesus gebruik die titel “Seun van die Mens” vír Homself (Markus 2:10, 28 en Matteus 26:64). Hoe verklaar Hy daarmee dat Daniël 7 in Hom vervul word?

## Die Seun van die Mens

Ons sien hier weer 'n belangrike verskil tussen die verskillende Bybelvertalings, hoewel dit nie 'n verskil maak aan hoe ons die gedeelte verstaan nie. Die 1933-vertaling skryf in Daniël 7:13 "met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens ..." Dit is duidelik dat hier na Jesus verwys word. In die 1983-vertaling lees ons: "in die wolke [het] iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese" en die 2020-vertaling sê: "met die wolke van die hemel was iemand aan die kom wat soos 'n mensekind was ..."

In vers 13 lees ons hoe die "Seun van 'n mens" na die "Oue van dae" kom. Dit sê vir ons hoe Daniël sien dat God Jesus as koning aanstel en dat Hy 'n ewige koninkryk sal hê. God die Vader het die hoogste gesag in die hemel en die aarde. Deur sy Seun, Jesus Christus, sal God die Vader die hele mensdom oordeel.

**12** Drie keer word in die hoofstuk gesê dat die heiliges die koninkryk sal ontvang (Daniël 7:18, 22 en 27). Hoe pas dit by Jesus se belofte aan sy dissipels in Matteus 25:34 en Lukas 22:29-30?

**13** Hoe help Matteus 24:21-22 ons om die beperkte duur van die "tyd, tye en 'n halwe tyd" (vers 25) te verstaan? Kyk ook na hoe dié vers in die 1983-vertaling geskryf is: "die hele vasgestelde tyd".

**14** Hoe bring die finale oordeel van die "Oue van Dae" troos vir gelowiges wat vervolging beleef? Vergelyk Openbaring 20:11-15.

**15** Hoe kan Daniël se ontsteltenis oor die visioen ons herinner dat selfs gelowiges soms worstel om God se plan te verstaan? Hoe moet ons rus vind? Vergelyk Habakuk 2:3 en Johannes 16:33.

## TOEPASSING

→ Watter "diere" of magte sien jy vandag in die wêreld wat teen God en sy mense opstaan? Hoe help Daniël 7 jou om dit reg te verstaan?
→ Hoe bring dit vir jou rus om te weet dat die Seun van die Mens op die wolke kom en 'n ewige koninkryk het?
→ "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde." Hoe word jy deur hierdie woorde van Jesus in Matteus 28:18 bemoedig?

# Daniël 2

## VISIOEN VAN 'N BEELD EN 'N KLIP

"Die **BEELD SE KOP WAS VAN SUIWER GOUD**," (Daniël 2:32), wat verwys na Babilonië waarvan Nebukadnesar, koning was (Daniël 2:38).

"sy **BORS** en **ARMS VAN SILWER**" (Daniël 2:32), 'n koninkryk wat nie so sterk soos Babilonië is nie (Daniël 2:39).

"sy **MAAG** en sy **HEUPE VAN BRONS**" (Daniël 2:32), wys na 'n derde koninkryk, wat oor die hele wêreld regeer (Daniël 2:39).

"Sy **BENE WAS VAN YSTER**" (Daniël 2:33) wat verwys na 'n vierde koninkryk wat die ander koninkryke vernietig (Daniël 2:40).

"sy **VOETE** deels **VAN YSTER** en deels van **KLEI**" (Daniël 2:33), is die vierde koninkryk wat verdeeld is (Daniël 2:41-43).

"**'N KLIP UIT 'N ROTS**" waaraan geen mens geraak het nie (Daniël 2:34-35) wys na die koninkryk van God wat alle ander koninkryke vernietig (Daniël 2:44-45).



# Daniël 7

## VISIOEN VAN VIER DIERE EN 'N MENS

Die **EERSTE DIER** het soos "'n **LEEU** gelyk en hy het arendsvlerke", en is die eerste koninkryk, Babilonië (Daniël 7:4, 17).

"Die **TWEEDE DIER** het soos 'n **BEER** gelyk," met "drie ribbebene in sy bek" en is die tweede koninkryk (Daniël 7:5, 17).

Die **DERDE** was "nog 'n dier, een soos 'n **LUIPERD**. Hy het op sy rug vier vlerke gehad soos dié van 'n voël" en vier koppe, en is die derde koninkryk (Daniël 7:6, 17).

Daar was ook "'n **VIERDE DIER, SKRIKWEKKEND, VREESAANJAEND EN BAIE STERK**" met groot ystertande en tien horings, die vierde koninkryk (Daniël 7:7, 17).

Die **SEUN VAN DIE MENS** wat God se ewige koninkryk ontvang van die **OUE VAN DAE** (Daniël 7:13-14).

**Verwerk van © Mark Barry 2004; besoek visualunit.me**

# DANIËL 8

In Daniël 7 het ons vier diere gesien – elk ’n wêreldryk, met ’n “klein horing” wat God se mense vervolg. In Daniël 8 kry Daniël drie jaar later nog ’n visioen. Daniël word in ’n visioen na Susan geneem (vers 2) – die setel van die Persiese ryk (vergelyk Nehemia 1:1 en Ester 1:2).

Hierdie keer skuif die fokus van Babilon af en word daar gefokus op die tweede en derde diere (Medo-Persië en Griekeland). ’n Ram (Medo-Persië) en ’n bokram (Griekeland) bots. Uit die bokram groei eers ’n groot horing (Alexander die Grote), wat dan breek en in vier horings verdeel. Uit een van hulle groei ’n klein horing (Antiochus Epifanes), maar Jesus wys dat dit ook vooruit wys na die groot Antichris van die eindtyd (Matteus 24:15-22). God openbaar dat Hy selfs wêreldryke en hulle konings gebruik om sy planne uit te voer, maar dat Hy ook ’n einde aan hulle mag stel.

## Sleutelpunte in Daniël 8

**1. DIE RAM (VERSE 3-4)**

Die ram met twee horings verteenwoordig die Medo-Persiese Ryk uit die Ooste, wat in Daniël 2:39 as die tweede wêreldryk beskryf word. Hierdie ryk het in sy hoogty groot dele van die destydse wêreld oorheers.

**2. DIE BOKRAM (VERSE 5-7)**

Die bokram stel Griekeland uit die Weste voor, en die groot horing is Alexander die Grote (vers 21). Sy verowerings het so vinnig plaasgevind dat die visioen dit beskryf asof hy oor die aarde beweeg “sonder om die grond te raak.” Alexander se militêre sukses was ongeëwenaard en het binne ’n dekade ’n enorme wêreldryk tot stand gebring.

**3. DIE VIER HORINGS (VERS 8)**

Toe Alexander in 323 v.C. onverwags gesterf het, is sy ryk nie aan ’n erfgenaam oorgelaat nie, maar in vier dele verdeel onder sy generaals. Die teks sê egter dat die groot horing “gebreek is” – ’n passiewe vorm wat aandui dat God self die verloop van die geskiedenis beheer. Vergelyk Daniël 2:21: Hy stel konings aan en Hy neem hulle weg.

**4. DIE KLEIN HORING (VERSE 9-12)**

Uit een van die vier koninkryke het 'n klein horing opgekom. Die horing word nie by naam geïdentifiseer nie, maar word beskryf as 'n toekomstige, hoogmoedige heerser wat God se volk vervolg en homself op die vlak van God wil verhef (Daniël 8:9-14; 17-19; en 23-26). Tog sal hy uiteindelik deur God oorwin en tot 'n einde gebring word (Daniël 8:25).

Baie verklaar die klein horing as Antiochus Epifanes (175–164 v.C.). Hy het Palestina verower en wrede vervolging teen God se volk gevoer: 40 000 Jode is binne drie dae doodgemaak en nog 40 000 as slawe verkoop (2 Makkabeus 5:12–14 ). Hy het die tempel ontwy deur die offers te stop en 'n altaar vir Zeus op te rig (1 Makkabeus 1:44-59 ). Vers 12 beskryf dit as "waarheid op die grond gewerp" – 'n aanduiding dat Antiochus doelbewus die wet en Woord van God wou uitroei. Baie ander stel dat dit op enige toekomstige heerser dui wat hierdie gedrag toon.

## Leer ken Antiochus Epifanes

Antiochus IV Epifanes, koning van die Seleukidiese Ryk in die 2de eeu v.C., het 'n harde en gewelddadige beleid teen die Jode gevoer. Hy het die tempel in Jerusalem ontheilig deur 'n altaar vir Zeus daar te plaas en onrein diere, soos varke, te offer. Hy het die onderhouding van die wet, die Sabbat en besnydenis verbied, en boeke van die wet laat verbrand.

Baie Jode is doodgemaak omdat hulle aan God se gebooie getrou wou bly, terwyl ander onder sy druk tot afgodery verval het. Hierdie optrede het uiteindelik tot die Makkabeër-opstand gelei.

## Wie was die Makkabeërs?

Makkabeërs is 'n groep boeke wat die geskiedenis van die Joodse volk in die 2de eeu v.C. vertel, toe die Seleukidiese koning Antiochus IV Epifanes die Jode gedwing het om hulle geloof prys te gee en die Griekse gebruike aan te neem.

Dit beskryf hoe die Makkabeër-familie, veral Judas Makkabeus en sy broers, 'n opstand teen hierdie onderdrukking gelei het om die tempel te reinig en die Joodse godsdiens te herstel. Die boeke lig die stryd tussen trou aan God se wet en die druk van wêreldse mag duidelik uit.

**5. HOE LANK NOG? (VERSE 13-14)**

Die visioen gee 'n presiese tydperk van 2300 aande en oggende, wat sowat 6 jaar en 4 maande is. Dit wys dat selfs die verdrukking van God se volk aan sy vasgestelde tyd beperk is.

**6. DIE ENGEL GABRIËL (VERSE 15-19)**
Hier verskyn Gabriël vir die eerste keer in die Bybel. Hy word gestuur om die visioen te verklaar en maak duidelik dat dit nie net die onmiddellike geskiedenis van Israel raak nie, maar ook profeties vooruit wys na die "eindtyd". Dit plaas die gebeure binne God se groter verlossingsplan.

**7. GOD SE OORDELE (VERSE 20-25)**
Die ram word uitdruklik geïdentifiseer as Medo-Persië, en die bokram as Griekeland met Alexander as die groot horing. Die klein horing, Antiochus Epifanes, sou "teen God opstaan" en die heiliges vervolg. Tog voorspel die profesie dat hy onverwags sou sterf (wat in 164 v.C. gebeur het). So bevestig die visioen dat God die einde van konings bepaal.

**8. TOEKOMSTIGE VERVULLING (VERSE 23-26)**
Hoewel die profesie in Antiochus Epifanes 'n onmiddellike vervulling kon hê, kyk dit ook vooruit na die eindtyd en die koms van die Antichris (2 Tessalonisense 2:3-8 en 1 Johannes 2:18). Jesus self gebruik die taal van Daniël wanneer Hy oor die "gruwel van verwoesting" praat (Matteus 24:15). Die geskiedenis van Antiochus is dus 'n heenwysing na die finale teenstander van God se volk.

1. Wat leer Daniël 8 ons oor God se absolute beheer oor geskiedenis, selfs wanneer ryk na ryk opstaan en val? Vergelyk Daniël 2:21 en Psalm 75:6-7.
2. Lees Jesaja 45:1. Wat beteken dit dat God Kores, die Persiese koning, sy "gesalfde" noem, en hoe help dit ons om God se beheer oor wêreldmagte te verstaan?
3. Lees Deuteronomium 28:47-48. Waarom laat God toe dat die tempel ontwy word en die offers gestaak word? Hoe sluit dit aan by Israel se sonde? Vergelyk Daniël 8:11-12.
4. Watter rol speel die "klein horing" in Daniël 8, en hoe wys dit op 'n toekomstige vervolger van God se volk? Vergelyk Daniël 8:9-12; 23-25.
5. Hoe bring dit troos dat selfs die verdrukking van die heiliges 'n vasgestelde tydsduur het? Vergelyk Daniël 8:14; 12:7; en Prediker 3:1.
6. Lees Markus 13:20. Hoe verduidelik Jesus dat selfs die dae van verdrukking verkort word ter wille van die uitverkorenes, en hoe wys dit God se trou?

7 Lees Job 34:17-20. Hoe word konings hier met God vergelyk, en hoe bevestig dit dat geen aardse heerser uiteindelik teen Hom kan staan nie?

8 Watter parallelle sien ons tussen die slinkse koning se dade en die optrede van die Antichris volgens 2 Tessalonisense 2:3-4?

9 Lees Matteus 24:15-22. Hoe wys Jesus dat daar 'n herhaling van hierdie soort verdrukking in die laaste dae sal wees?

10 Hoe moet ons leef as ons weet dat gelowiges 'n tyd van groot verdrukking sal beleef, maar dat Christus uiteindelik sal seëvier? Vergelyk Johannes 16:33 en Openbaring 12:11.

11 Hoe help hierdie hoofstuk jou om nie te vertrou op aardse magte en ryke nie, maar alleen op die Koning wat regeer? Vergelyk Psalm 146:3-5.

12 Hoe moet jy jou lewe vestig in die waarheid van die Woord, selfs wanneer die wêreld dit "vertrap"? Vergelyk Daniël 8:12 en Johannes 17:17.

13 Daniël soek verduideliking en ontvang bemoediging van 'n engel. Wat leer Daniël se reaksie ons oor hoe God sy kinders versterk in tye van verwarring? Vergelyk Psalm 119:28.

14 Hoe help Daniël 8 jou om lyding en verdrukking in jou eie tyd te verstaan in die lig van God se groter plan? Vergelyk Romeine 8:28 en 1 Petrus 4:12-13.

15 Watter troos bied dit dat die boosdoener vernietig sal word, maar nie deur mensehande nie? Hoe wys dit vooruit na Christus se oorwinning oor die Antichris? Vergelyk 2 Tessalonisense 2:8 en Openbaring 19:19-21.

## TOEPASSING

- Daar is 'n langdurige magstryd tussen die Ooste en Weste. Wat is die kerk se posisie hierin?
- Wat verwag die Here van sy kerk in die voortdurende magstryd wat tussen nasies en volke in die wêreld woed?
- In watter opsig teiken die antichristelike magte vandag die erediens?
- Hoekom moet die kennis van die wederkoms van Christus en die oordeel oor die wêreld ons nie negatief en bang maak nie, maar wel positief aan die werk sit? Vergelyk 2 Petrus 3:10-14.

# DANIËL 9

Israel is verskeie kere deur Babilon aangeval en in ballingskap weggevoer: die eerste keer in 605 v.C., toe die koning en die vooraanstaande mense weggevoer is; daarna weer in 597 v.C.; en uiteindelik in 586 v.C., toe Jerusalem en die tempel verwoes is. Daniël 9 speel af in die eerste jaar van Darius die Meder (539 v.C.), kort nadat die Babiloniese ryk geval het (Daniël 9:1). Teen daardie tyd was Daniël al 66 jaar in ballingskap, en 'n hele geslag het in 'n vreemde land gesterf. Hy het uit Jeremia 25:11-12 verstaan dat die ballingskap se tydperk sewentig jaar sou duur.

Volgens Jeremia 25:11-12 sou die ballingskap sewentig jaar duur, maar uit Levitikus 26:40-42 en Deuteronomium 30:1-5 is dit duidelik dat ware herstel eers moontlik sou wees as die volk hulle bekeer en hulle sondes bely.

❶ Waarom begin Daniël sy gebed met lofprysing en aanbidding (vers 4) voordat hy sy versoeke bring? Vergelyk Matteus 6:9.

## Wat is vas en moet ons vandag nog vas?

In Daniël 9:3 lees ons dat Daniël nie net gebid het nie, maar sê: "ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gegooi." Vas is 'n godsdienstige handeling waarin 'n mens jouself van iets weerhou, juis met die doel om in gebed voor God te tree. Die weerhouding van iets dien as 'n herinnering van jou toewyding aan die Here in gebed oor daardie spesifieke saak.

In Daniël 10:2-3 lees ons byvoorbeeld dat Daniël spesifieke kosse vir 21 dae uitgesluit het. Hy skryf: "Ek het die volle drie weke geen lekker kos geëet nie, my mond nie aan vleis of wyn gesit nie en geen reukolie gebruik nie."

In die Ou Testament is die Jode net beveel om een dag van die jaar te vas, op die Dag van Versoening. Daar is 'n spesifieke tyd en reëls gegee daarvoor (Levitikus 23:27-32).

Nêrens in die Nuwe Testament is daar 'n opdrag dat gelowiges moet vas nie. En tog lees ons dat Jesus self gevas het (Matteus 4:2). Jesus veronderstel verder dat sy dissipels sal vas (Matteus 6). Hy voorspel dat hulle ná sy vertrek sal vas wanneer daar rede tot rou is (Matteus 9). Ons sien nog voorbeelde van vas in die Nuwe Testament: Die vroeë kerk het voor belangrike besluite gevas en gebid (Handelinge 13; 14); en Paulus sê dat hy dikwels vrywillig gevas het (2 Korintiërs 11).

Vas is nie 'n daaglikse plig nie, maar dit kan gedoen word wanneer daar 'n spesiale behoefte is tot nederigheid en gebed. Hou in gedagte dat mense in die Bybel gevas en gebid het omdat hulle iets spesifiek wou laat gebeur. Vas gaan meer oor waarop jy fokus as wat dit oor kos gaan; om op God te fokus in plaas van op die dinge van die wêreld.

2. Watter vyf woorde gebruik Daniël om sonde te beskryf (vers 5), en wat leer dit ons oor die erns van ons eie sonde?

3. Hoekom sluit Daniël homself in by die belydenis van Israel se sondes, al was hy self getrou in gebed en gehoorsaamheid? Vergelyk Daniël 6:10 en Romeine 3:23.

4. Lees Levitikus 26:27-45 en Deuteronomium 28:15-68. Hoe verduidelik hierdie gedeeltes die ballingskap, en hoe sou dit Daniël se verstaan daarvan gevorm het?

5. As Daniël geweet het dat die ballingskap 70 jaar sou duur (Jeremia 25:11-12; en Jeremia 29:10-13), waarom het hy nog steeds met soveel erns gebid?

6. Moet die kerk vandag steeds gesamentlik sondes bely, en hoe kan dit prakties lyk? Vergelyk Nehemia 9:1-3 en 1 Johannes 1:9.

7. Hoe vorm ons verlossing deur Jesus Christus ons gebede vandag? Vergelyk Hebreërs 4:14-16.

8. Lees Psalm 25:11 en Psalm 31:3. Hoe leer Daniël se pleit "ter wille van U Naam" ons om God se eer en roem bo ons eie behoeftes te plaas?

9. Lees Numeri 6:24-26. Waarom vra Daniël dat God se aangesig weer oor sy volk moet skyn (vers 17), en wat beteken dit vir God se nabyheid en seën?

## Daniël se gebed

Die gebed (verse 3-19) volg die patroon **ACTS**. Dit is 'n akroniem wat ons kan gebruik om volgens te bid:

- **ADORATION** (aanbidding) – vers 4
- **CONFESSION** (belydenis) – verse 5-15
- **THANKSGIVING** – (dankbaarheid) – ingesluit in die herinnering aan God se verlossing uit Egipte (vers 15)
- **SUPPLICATION** (smeking) – verse 16-19

10 Lees Psalm 141:2 en vergelyk met Daniël 9:23. Wat beteken dit dat Daniël as "hoog geag" voor God beskou word – en hoe kan ons seker wees dat ons ook in Christus aanvaar is? Vergelyk Efesiërs 1:6 en Romeine 8:1.

11 Volgens Daniël 9:24-27 sou daar 70 "tydperke" vasgestel wees vir God se volk. Watter sewe dinge sou God in hierdie tyd volbring? Hoe wys dit vooruit na Christus? Vergelyk Lukas 24:44-47 en Hebreërs 9:26.

12 Hoe sien ons die vervulling van die profesie in Jesus se kruisiging en opstanding? Vergelyk Johannes 19:30 en Galasiërs 4:4-5.

13 Watter rol speel die gesalfde "regeerder" (verse 25-26) in die verlossingsplan van God, en hoe bring dit sekerheid vir ons geloof? Vergelyk Jesaja 9:6-7 en Johannes 1:41.

14 Hoe help die profesie van die 70 weke ons om vas te staan te midde van swaarkry en verdrukking? Vergelyk Romeine 8:18 en Openbaring 13:10.

15 Hoe behoort die gebed en profesie van Daniël 9 ons eie verwagting en gebed vir Christus se wederkoms te beïnvloed? Vergelyk 2 Petrus 3:11-13 en Openbaring 22:20.

## TOEPASSING

- Ervaar ons vandag nog skaamte oor die sonde? Motiveer jou antwoord: Watter beskouing heers daar deesdae oor die sonde?
- Wat leer ons uit Daniël se gebed oor skuldbelydenis en verootmoediging? Hoe vergelyk ons "dae van verootmoediging" hiermee?
- Op grond waarvan kan ons in gebed tot die Here roep?
- Wat is die uiters belangrike funksie van gebed in ons geloofslewe?
- Wat leer ons uit hierdie gedeelte ten opsigte van God se verhoring van sy kinders se gebede?

# DANIËL 10

Daniël 10 dien as inleiding tot die groot visioen oor die eindtyd in hoofstukke 11 en 12. Dit herinner ons daaraan dat God se kinders dikwels ontmoedig word, maar dat Hy die onsigbare werklikheid van geestelike oorlogvoering aan ons openbaar. Die hoofstuk wys dat ons swaarkry nie buite God se plan val nie, dat daar 'n onsigbare stryd is wat aardse gebeure beïnvloed, en dat God sy boodskap stuur en sy kinders versterk om dit te hoor.

1. In watter jaar van Kores se regering speel Daniël 10 af, en wat het intussen met die volk gebeur? Vergelyk Daniël 10:1 en Esra 1:1-4.
2. Waarom was die volk teleurgesteld ná hul terugkeer uit ballingskap? Vergelyk Esra 4:4-5.
3. Hoe het Daniël op die nood van sy volk gereageer, en hoe vergelyk dit met Nehemia se reaksie? Vergelyk Daniël 9:19 en Nehemia 1:1-4.
4. Hoe herinner 1 Korintiërs 12:26 en Hebreërs 13:3 ons aan ons verantwoordelikheid teenoor gelowiges wat swaarkry?
5. Wat leer Esra 3:1-6 ons oor die toestand van die volk se aanbidding in hierdie tyd?
6. Hoe word die hemelse wese wat Daniël by die Tigris sien beskryf, en watter kruisverwysings help ons om dit beter te verstaan? Vergelyk Daniël 10:5-6; Esegiël 1; en Openbaring 1:12-16.
7. Waarom het Daniël se metgeselle gevlug, al het hulle niks gesien nie, en hoe herinner dit aan Paulus se ervaring in Handelinge 9:7?
8. Lees vers 9. Wat leer Daniël se reaksie, wat bewusteloos vooroor op die grond geval het, ons oor die heiligheid van God? Vergelyk Eksodus 36:8 en Levitikus 16:4.

9 Hoe versterk die engel vir Daniël, en waarom is dit betekenisvol dat hy hom drie keer aanraak? Vergelyk Daniël 10:10-19.

10 Wat leer vers 12 oor die krag van gebed. Hoe gou is Daniël se gebed verhoor?

11 Waarom is die engel se koms vertraag, en wat leer dit ons oor die onsigbare stryd? Vergelyk Daniël 10:13; Efesiërs 6:12; en 1 Tessalonisense 2:18.

12 Watter rol speel Migael, die aartsengel, in hierdie hoofstuk, en hoe word hy verder in Openbaring 12:7-9 beskryf?

13 Wat beteken dit dat die engel terug moet gaan om teen die vors van Persië en later die vors van Griekeland te stry? Vergelyk Daniël 10:20; Esra, Nehemia en Ester.

14 Hoe troos dit jou dat daar 'n "boek van die waarheid" is waarin God se plan reeds vasstaan? Vergelyk Daniël 10:21; Psalm 139:16 en Jesaja 46:9-10.

15 Hoe help hierdie hoofstuk jou om wêreldgebeure vandag te verstaan in die lig van God se soewereiniteit en die werklikheid van geestelike oorlogvoering?

## TOEPASSING

- → Watter wonderlike versekering het ons as gelowiges in die lig van ons eie ellende?
- → Het ons rede tot bekommernis oor die toekoms, terwyl daar 'n geweldige stryd in die geesteswêreld plaasvind? Motiveer. (Vergelyk Openbaring 12:10-12)
- → Watter opdrag gee God aan sy engele aangaande sy kinders (en kerk)? Vergelyk Psalm 91:11; en Matteus 16:18.
- → Hoe word ons versterk in die dag van stryd?

## Samevatting

Daniël 10 wys dat ons swaarkry nie buite God se plan is nie, dat ons gebede 'n rol speel in die onsigbare stryd, en dat God sy kinders versterk om sy openbaring te ontvang. Ons mag weet: God beheer die geskiedenis en sy Naam sal uiteindelik verheerlik word.

# DANIËL 11

Daniël 11 en 12 bevat een van die mees besonderse profesieë in die hele Bybel. Dit beskryf:

- Die verloop van wêreldryke vanaf Persië tot die Griekse dinastieë.
- Die botsing tussen die konings van die Noorde en die Suide.
- Die tirannie van Antiochus IV Epifanes as 'n tipe van Antichris.
- Die versekering dat God selfs in die donkerste tye sy volk bewaar, die opstanding bring, en 'n ewige erfenis gee.

In hierdie Bybelstudie leer ons hoe God se voorsienigheid in die geskiedenis werk, en hoe gelowiges met hoop en volharding kan lewe.

1. Hoe wys hierdie profesie dat geskiedenis nie toevallig verloop nie, maar deur God se voorsienigheid bestuur word? Vergelyk Jesaja 46:9-10; en Handelinge 17:26.

2. Lees vers 6. Wie is die koning van die Noorde en die koning van die Suide?

3. Watter lesse leer ons uit die feit dat die profesie oor die konings van die Noorde en Suide met groot presisie vervul is? Vergelyk Jesaja 41:21-23.

4. Hoe moet ons die opkoms van wêreldryke en wêreldheersers verstaan in die lig van Psalm 2? Onthou: Psalm 2 verkondig dat Christus die Gesalfde van God en die ewige Koning is.

5. Antiochus IV Epifanes het die Joodse volk probeer helleniseer (helleniseer = vergrieks; sodat die Joodse volk die kultuur en gebruike van die Grieke aanneem). Wat wou hy hierdeur bereik? Vergelyk Daniël 11:30b.

6 Wat leer Antiochus IV Epifanes ons oor die aard van die Antichris en die wêreld se haat teen God se volk? Vergelyk 1 Johannes 2:18; en 2 Tessalonisense 2:3-4.

7 Hoe openbaar Antiochus IV se optrede die stryd tussen ware aanbidding en valse godsdiens? Vergelyk Eksodus 20:3-5; en Openbaring 13:15.

8 Watter troos vind ons in Daniël 11:32 waar gesê word dat die volk wat hulle God ken, standvastig sal wees? Vergelyk Johannes 17:3; en Efesiërs 6:10-11.

9 Wat is God se doel met die vervolging van sy kerkvolk? Vergelyk Daniël 11:35.

10 Hoe leer hierdie profesie ons dat lyding en verdrukking deel is van God se louteringswerk vir sy volk? Vergelyk Sagaria 13:9; en 1 Petrus 1:6-7.

11 Aan wie laat Antiochus Epifanes ons dink volgens Daniël 11:36?

12 In watter opsig het God vir Antiochus Epifanes in sy raadsplan gebruik sonder dat hierdie goddelose koning eers daarvan bewus was? Vergelyk Daniël 11:36; en Jesaja 45:1-8.

13 Wat wou Antiochus bereik met sy verering van die Griekse afgod Zeus? Vergelyk Daniël 11:38.

14 In watter opsig kan ons opmerk dat die Almagtige God die antichristelike Antiochus aan selfvernietiging oorgee? Vergelyk Daniël 11:40.

15 Met watter vonnisoordeel het God die antichristelike Antiochus getref? Vergelyk Daniël 11:45.

## TOEPASSING

- → Antiochus het verskriklike gruwels in die oë van God bedryf. Gee voorbeelde van gruwels in die oë van God wat vandag in ons leefwêreld plaasvind.
- → Hoe is God vandag nog besig om sy kerk te louter en te suiwer?
- → Watter vervolging beleef die kerk van die Here in die tyd waarin ons leef?
- → Hoe moet ons Daniël 11 verstaan in die lig van die huidige wêreldomstandighede?

# DANIËL 12

Daniël 11 sluit af met Antiochus se einde sonder dat enigiemand hom van hulp was. Die antichristelike Antiochus wat probeer het om alles te wees, alles te besit en alles te doen soos hy lus was, die man wat homself as 'n god beskou het, se lewe was soos enige ander mens in die hand van die ware lewende en almagtige God.

Antiochus was die naam Epifanes ("die goddelike") nie werd nie. Die mens wat soos God probeer wees, gaan 'n hopelose einde tegemoet. Die mens wat egter op God vertrou, sien uit na 'n eindelose en ewige hoop. Waar daar vir Antiochus geen hulp was nie, begin Daniël 12 met Migael wat die volk van God te hulp kom in die tyd van verdrukking.

1. Hoe word Daniël 12:1-2 vervul in die Nuwe Testament se leer oor die opstanding? Vergelyk Johannes 5:28-29; en 1 Korintiërs 15:51-52.
2. Hoe kan Daniël 12:2-3 jou troos en bemoedig in 'n wêreld vol dood en vervolging? Vergelyk Openbaring 21:4; en Romeine 8:18.
3. Wat beteken dit prakties om ander "na geregtigheid te lei" (12:3), en hoe kan ons dit vandag uitleef? Vergelyk Matteus 5:14-16; en Jakobus 5:19-20.
4. Waarom word Daniël aangemoedig om die profesie "toe te seël (bewaar) tot die tyd van die einde" (12:4), en hoe moet ons dit vandag verstaan? Vergelyk Openbaring 22:10.
5. Hoe gee God se beskrywing van 'n vasgestelde tyd vir verdrukking (12:7) ons sekerheid te midde van onsekerheid? Vergelyk Prediker 3:1; en Handelinge 1:7.

6 In Daniël 12:8 erken Daniël in eerlikheid dat hy nie hierdie openbaring van God verstaan nie. Waar laat dit ons ten opsigte van God se openbaring?

7 Hoe wys Daniël se laaste visioen dat aardse magte beperk en verganklik is, maar God se koninkryk ewig is? Vergelyk Daniël 2:44; en Hebreërs 12:28.

8 Hoe kan die belofte aan Daniël in vers 13 ("Jy sal tot jou einde toe rus") ons help om met volharding en hoop te leef? Vergelyk Openbaring 14:13; en 2 Timoteus 4:7-8.

9 Hoe help hoofstukke 11 en 12 ons om Christus te sien as die uiteindelike Verlosser en Koning wat die finale oorwinning bring? Vergelyk Matteus 24:21-22; en 1 Korintiërs 15:25-26.

10 Hoe behoort hierdie profesieë ons gebedslewe en ons verwagting van die wederkoms te beïnvloed? Vergelyk Matteus 6:10 en Openbaring 22:20.

## TOEPASSING

- Het die goddeloses (ongelowiges) enige begrip en verstaan van God se Woord? Motiveer jou antwoord.
- Watter rol speel God se Woord in ons lewe, terwyl die wêreldgeskiedenis voor ons ontvou?
- Waarna kan ons as gelowiges uitsien te midde van die aardse stryd?

## Samevatting

Daniël 11 en 12 wys vir ons hoe God se plan deur die eeue ontvou: van Persië tot Griekeland, van Antiochus tot die toekomstige Antichris. Die boosheid van mense en nasies kan nie God se raadsplan keer nie. Vir die gelowiges is daar swaarkry, maar ook versekering van beskerming, opstanding en ewige heerlikheid. Soos Daniël self die belofte gekry het: "Jy sal te rus gelê word, maar weer opstaan om jou deel te ontvang in die eindtyd" (Daniël 12:13).

## Lys van interessanthede in dié Bybelstudieboek


4 Wie het die boek Daniël geskryf?

5 Verskillende style in Daniël: Vertellings en visioene

5 Verskillende tale in Daniël: Hebreeus en Aramees

7 ’n Opsomming van Daniël se struktuur

8 Die name van Daniël en sy vriende

10 Hoekom word die Galdeërs ook sterrekykers genoem?

15 Drome en visioene in Daniël en die res van die Bybel

16 Wie regeer terwyl Nebukadnesar soos ’n wilde dier leef?

18 Konings in Daniël

18 Die historiese verloop van Daniël

19 Waarna verwys die “gees van die gode”?

20 Wat beteken “Mene, Mene, Tekel, Parsin”?

21 Die ryk van die Meders en Perse

23 Die wet van die Meders en Perse

27 Die Griekse ryk en Alexander die Grote

27 Die Oue van Dae

28 Die Seun van die Mens

29 Visioen in Daniël 2 teenoor Daniël 7

31 Leer ken Antiochus Epifanes

31 Wie was die Makkabeërs?

34 Wat is vas en moet ons vandag nog vas?



**“In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel ’n koninkryk vestig wat vir ewig nie vernietig sal word of aan ’n ander volk oorgelaat sal word nie. Hierdie koninkryk sal al daardie ander verpletter en tot ’n einde bring, en dit sal standhou vir ewig.”**

DANIËL 2:44

LEER IN HIERDIE TWAALF BYBELSTUDIES OOR DANIËL MEER OOR HIERDIE BESONDERE BOEK. DAAR IS EEN BYBELSTUDIE OOR ELKE HOOFSTUK, EN DIÉ BOEKIE IS PROPVOL EKSTRA INTERESSANTHEDE.